

Inhoud Hierdie preek wys dat Jesus Christus met sy koms en lyding vir ons genadige waarheid geskep het. Hierdie genadige waarheid herstel die verskeurdheid van sonde om waarheid en geregtigheid, waarheid en liefde, en geregtigheid en vrede inhoude te maak wat mekaar uitsluit en teenoor mekaar staan. Die afgodsdienste van hierdie wêreld is gegrond in die verskeurdheid van die wrede waarheid van God en die innigheid van hul geestelikheid. Christus is God wat hierdie verlossing bring dat Hy die waarheid genadige waarheid maak – Hy maak sy geregtigheid my geregtigheid sodat ek die waarheid van my sonde kan erken en bely om in die waarheid van sy wil te leef.

Skriflesing Johannes 1: 14 – 18; 18: 37 -38; Ps. 85: 8 – 14; 1 Joh. 1: 8 – 2:2.

Teks Joh. 1: 17 “Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.”

Tema Christus se genadige waarheid maak ons weer heel mense.

1. 'n Wet wat geen waarheid bring en 'n wet van geen genade gee nie!

Dit is die Tien Gebooie wat Moses gegee het. Die waarheid van die wet van God is 'n gawe van Christus – 'n genadegawe. Daarom maak die apostel Johannes die teenstelling: “Die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

Johannes gebruik baie keer woorde dubbel soos byvoorbeeld “Gees en water” wat eintlik net een saak is. Wanneer hy hier van genade en waarheid praat is dit weer net een saak wat ons kan vertaal as “genadige waarheid.” Christus gee aan God se wet hierdie nuwe betekenis – dit werk as genadige waarheid!

2. U ken almal hierdie spanning en teenstrydigheid waarin ons baie keer leef: ongenaakbare waarheid en genadevolle leuens! Dit speel gewoonlik af tussen pa en ma wanneer boetie en sussie hulle skoolrapporte huis toe bring.

Een van die ouers sal die wrede ongenaakbare waarheid stel: “Jy as lui”, Jy was sleg”, “Jy het ons bedrieg deur te maak asof jy geleer het”, “Jy doen nie wat jy moet of waartoe jy in staat is nie”. hierop sal die ander ouers, gewoonlik dan die ma reageer met genadigevolle en liefde volle leuens: “Jou beste is vir my genoeg”, “Net solank jy probeer het”, die onderwysers is sleg”, die werk is te moeilik” en “Ek aanvaar jou en het jou lief net soos jy is.”

So moet 'n kind dan verskeur staan tussen die waarheid en genadevolle, vredevolle en liefdevolle leuens.

Dit is hoe die wet van Moses werk – daardeur stel God ons voor die wrede waarheid van wie ons is terwyl die geestelikes van hierdie wêreld dan vir ons en ons sondes genadevolle, liefdevolle en vredevolle leuens skep oor wie ons regtig sou wees.

3. Ps. 85 gee 'n besondere beskrywing van hoe God ons van ons sondes verlos:

- Troue liefde en waarheid ontmoet mekaar,
- Geregtigheid en vrede omhels mekaar en
- Waarheid sal uit die aarde spruit en geregtigheid uit die hemel neerdaal.

Die laaste stelling het as agtergrond die vrugbaarheidsafgodsdienste van die antieke tyd waarin vrugbaarheid die gevolge is van intimiteit tussen die gode van die hemel en die gode van die aarde. Teenoor hierdie afgodsdienste se gewaande vrugbaarheid stel die Psalm dat God verlossing vir mense bring deur 'n eenheid te skep waarin waarheid en liefde, geregtigheid en vrede en waarheid en geregtigheid mekaar omhels in 'n eenheid.

Dit is soos 'n pa en ma kinders se rapporte moet ontvang – pa se waarheid moet liefdevolle waarheid wees en ma se vrede moet vrede in geregtigheid wees, nie vredevolle leuens wees nie.

Verlossing beteken ouers wat só een is in hoe hulle hul kinders se verkeerde optrede hanteer.

Die God bring deur sy verlossing en in deur Jesus Christus 'n einde aan die spanning tussen die wrede waarheid van die wet en die liefdevolle leuens van die afgodsdienste van hierdie wêreld. Dit doen die Here deur in en deur Jesus Christus die waarheid van wie ons is en die vrede en liefdevolheid van God mekaar te laat omhels en te ontmoet as een en dieselfde saak.

Dit is die bedoeling van die aankondiging in Johannes dat Moses die wet gegee het, maar Jesus Christus genadige waarheid gebring het. Moses se wet werk as die wet van wrede waarheid en genadige leuens. Jesus Christus bring genadige waarheid waarin geregtigheid, waarheid, vrede en liefde mekaar omhels. Christus maak die wet van Moses van wrede waarheid en genadige leuens, sy wet van genadige waarheid.

4. Hoe skep Christus vir sondaars genadevolle waarheid in Homself as God?

Johannes wys dit in hoofstuk 1: 14 en 18: 17. In die kort en bondige opsomming van alles wat evangelie is: “Die Woord het mens geword”, beteken die woord “mens” in Grieks letterlik vleis. Hiermee dui Johannes aan dat Jesus wie self God is, self Skepper is deur wie alles geskep, (Joh. 1: 1- 3) mens van mens van vleis en bloed geword het nie, om dit vir altyd te wees en nooit 'n gees of geestelike nie fisiese

mens te wees nie. (1 Joh. 4: 2, 3) Hierdie sin beteken ook dat Jesus by wie geen sonde as mens uitgewys kan word nie, (Joh. 8: 45) een van die sondaarmense geword het. Dit is die waarheid wat Jesus oor Homself kom openbaar het. (Joh. 8: 45)

Jesus skep genadevolle waarheid vir sondaars deur as God self mens te word en mens te wees vandag, wie geen sonde gedoen het nie, maar deel van die sondige mensdom geword het.

Die waarheid oor hoe Jesus gebore is om deel van die sondige mensdom te wees verklaar die Here self in Joh. 18:37 “Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek na die wêreld gekom om oor die waarheid te getuig. Elkeen wie se bestaan in die waarheid gegrond is, luister na my stem. Pilatus sê toe vir Hom: “Wat is die waarheid” en verklaar dan aan die Jode: “Ek vind geen skuld in Hom nie.” (Joh. 8: 37.38)” (Direkte Afr. Vertaling)

Die waarheid wat Jesus skep is dat Hy wie 'n onskuldige mens is, deur God veroordeel word onder Pontius Pilatus as die skuldige volgens die wet van God. (Joh. 19:9) Christus se veroordeling deur God wys wie die waarheid van sondaars voor god se wet – hulle is mense wie God moet veroordeel. Só bring en openbaar Christus die waarheid van die wet wat die wet van Moses nie gedoen het nie.

Verder skep Christus die waarheid dat Hy in sondaars se plek die veroordeelde voor God is sodat hulle wie in Christus ingesluit is (Joh. 15: 1 – 8) nooit self vir enige sonde veroordeel word nie. Christus maak die waarheid van die sondes wat ons doen, sondes waarvoor ons nie veroordeel word nie. (Joh. 3: 16 – 21)

Christus wie self God is se geboorte, lyding en opstanding as mens, begrond ons in genadevolle waarheid. Hierdie genadevolle waarheid is volle genade: in elke sonde wat ek doen is Christus voor veroordeel sodat God my net as sy kind verheerlik. Hierdie genadevolle waarheid is die volle waarheid van wie ek self is: in die waarheid dat ek nie deur God veroordeel word nie, herken en erken ek in Christus die werklike aard van my eie sondige dade. Dit kan Moses se wet buite Christus nooit bewerk nie.

Christus se geboorte as sondaar in ons plek en sy veroordeling in ons as sondaar in ons plek, skep genade en waarheid. Maak waarheid genadige waarheid. Dat ons sondaar is wie sonde doen, is die waarheid wat ons vind en erken in en deur die geloof in die waarheid van wie Christus is: ons is sy verheerlikte kinders wie verbind is wat God ons bedoel het om te wees.

5. Dit is Christus se genadige waarheid wat die spanning van wrede waarheid en genadige liefdevolle en vredevolle leuens in ons lewens ophef. Dit is hoe sy verlossing ons weer heel mense maak.

- Christus maak dat die getrouheid en liefde van God en die waarheid van God oor ons sonde, in my lewe mekaar omhels.
- Christus maak dat die waarheid God se geregtigheid in sy wet, genade van Christus se geregtigheid vir my in my plek, mekaar ontmoet.

Want nou is geregtigheid, wie Christus my in sy genadige waarheid as sondaar in my plek laat wees.

Deur hierdie genadige waarheid skep die Here vir ons 'n nuwe lewenswyse – ons kan ons sondes bely as die wyse waarop ons nou in die waarheid leef wie Jesus Christus ons vir Hom laat wees!

Dit kondig Johannes aan in 1 Joh. 1; 8 – 9: “As ons sê dat ons nie sonde het nie, mislei ons onself en is die waarheid nie in ons nie. As ons ons sondes erken – Hy is getrou en regverdig en daarom sal Hy ons ons sondes vergeef en ons van alles kwaad reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.”

Hierdie aankondiging word altyd vir ons verduister deur dit aan ons voor te hou asof ons sondebelydenisse die rede en voorwaarde vir ons vergifnis is. Dit is totaal onwaar.

Johannes beskryf hier die nuwe lewenswyse van gelowiges soos hy dit ook in Johannes 3: 20 en 21 beskryf: wie volgens die waarheid leef dat hulle in en deur Jesus se genade nie veroordeel word vir sondes nie, kom na die lig van God se wet toe sodat hulle daarin weer die waarheid oor wat sonde regtig is, kan vind en bely. Dit doen hulle met die sekerheid van die genadige waarheid dat hulle nie vir wat hulle vind en erken veroordeel word nie.

Genadige waarheid laat ons die waarheid van ons sondes sien en erken en laat ons weer in die waarheid leef van wie God ons vir Hom laat wees.

6. Christus se genadige waarheid word vandag in Christelike Kerke 'n leuen gemaak vir die wrede waarheid en genadevolle leuens van die wet van Moses.

Dit is ook hoe dit vandag in die NG Kerk bedryf word!

Geestelikes sal met goddelike gesag aankondig dat jy voor die wrede waarheid staan dat jy is maar net soos jy is, jy sal maar net bly soos jy is en jy moet jouself maar net aanvaar soos jy is – al die sosiale, geestes en natuurwetenskappe bewys jy is maar net soos jy is en jy sal maar net bly soos jy is!

Jy moet die wrede waarheid aanvaar dat jou slegtheid is maar net wie jy is en hoe jy sal wees!

En dan kondig hulle vir jou hulle nuwe genadevolle leuens aan: Jy moet net jou beste liefde gee en dit is genoeg vir God, jy moet net alles goed bedoel, al doen jy niks reg soos dit reg gedoen moet word nie, God se wet is so moeilik en onbillik dat Jesus sy wet met liefde kom vervang het, Jesus aanvaar jou net soos jy is

En só staan jy weer voor die wet van Moses wat geen genade of waarheid gee nie!

Die wet wat in die mens se gemoed God die vader van die wrede waarheid maak en Jesus die een wie ons omhels met liefdevolle leuens teenoor die wrede waarheid van God.

8. Wanneer Johannes stel dat “As ons sê dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.” (1 Joh. 1: 10) dan bedoel hy ons maak van Jesus net weer 'n afgod. (1 Joh. 5: 21) Want hierdie Jesus wie ons omhels met die liefdevolle leuens dat ons moet net ons beste liefde gee, ons moet net alles goed bedoel al doen ons niks reg nie, dat Hy vir ons die liefdevolle alternatief op god se wrede en moeilike wet kom word het, is niks anders as 'n verskeurende afgod nie.

Hierdie afgod Jesus verskeur weer geregtigheid en waarheid, troue liefde en waarheid en geregtigheid volgens God se wet en vrede weer uitmekaar dat dit teenstaande sake in ons lewe is wat mekaar uitsluit, net soos 'n kind verskeur word deur die wrede waarheid van sy pa en die genadige leuens van sy ma – en so net nooit kan wees wie hy bedoel is om te wees nie.

Jesus het nie gekom as 'n geestelike wat ons beskerm teen God se wrede wet nie. Jesus het nie gekom as die leuen van liefdevolheid teen die waarheid van die wet van God nie. Jesus het nie gekom as die vrede met die sondes dat ons is soos ons is en dat Hy ons aanvaar soos ons is, teenoor God wie met sy wrede wet ons nie aanvaar soos ons is nie.

Die geestelikes van die NG Kerk het vandag die profete geword wat ons met Jesus se innige liefdevolheid beskerm teen God se wrede wet.

Hulle is net weer profete van die wet van Moses!

9. Jesus het nie die wrede waarheid van God oor ons of liefdevolle leuens vir ons gebring nie.

Hy gee genade en waarheid – ware genade sodat ons in genadige waarheid kan leef, as God self, die Woord.

Hy en sy lyding en sterwe is die waarheid van ons sonde en in die waarheid wie Hy vir ons sonde is, is ons nie maar net soos ons is, moet ons nie maar net aanvaar word soos ons is en glo ons bedoel altyd alles goed al doen ons altyd alles verkeerd nie. In die waarheid dat ons nie veroordeel word nie, kan ons erken dat ons mag ons self net nooit aanvaar soos ons is nie, want ons wil altyd net ons sondige self wees en ontdek ek wat ek nie reg doen nie is omdat ek dit moedswillig verkeerd bedoel.

Waar ek in Christus se genadige waarheid leef – herstel hy in my weer die innerlike verskeurdheid van liefde teenoor waarheid, geregtigheid teenoor vrede en waarheid teenoor die geregtigheid van God se wet.

Hierdie verskeurdheid wat nou in ons kerk intree tussen die wrede waarheid van God waarteen Jesus ons met sy innighede moet kom beskerm, is 'n leuen waarin ons vir God se genadige waarheid sal verlore gaan.

In Christus se genadige waarheid word troue liefde en waarheid, geregtigheid en vrede, en geregtigheid en waarheid weer vir verenig as hoe die wyse waarop God my vir homself behou.

Hy maak my hierin heel.